



Besoek www.litnet.co.za vir gratis skole-inhoud.

Graad 6 Natuurwetenskappe en Tegnologie Eksamen

Kwartaal 1 en 2

1 uur

50 punte

Opgestel deur Rouxlyn Botha

(Foto's en diagramme deur Rouxlyn Botha)

Vraag 1 [4]

1.1 a)

1.2 b)

1.3 b)

1.4 d)

Vraag 2 [2]

2.1 Onoplosbare

2.2 Filtrasie

Vraag 3 [8]

3.1 'n Gebalanseerde dieet behoort koolhidrate, proteïene, vette of olies, vitamieene en minerale, asook vesel en water te bevat. Dit is nie 'n gebalanseerde dieet nie, want dit bevat geen proteïene, vette of olies nie. (2)

3.2 Nee. Die liggaam benodig proteïene vir groei en herstel. 'n Tekort daaraan veroorsaak dat kinders nie voldoende groei nie en dat stukkende plekke nie vinnig gesond word nie. Vette en olies is nodig vir die liggaam om energie te stoor en om sy senuwees en organe te beskerm. 'n Tekort daaraan sal veroorsaak dat so 'n persoon baie moeg raak en maklik seerkry. (3)

3.3 Vette. (1)

3.4 Nee, daar is geen vitamieene of minerale in nie. (2)

Vraag 4 [5]

4.1 Vleilande reguleer die vloei van water. Die digte plaat riete het gekeer dat die rivier sy oewers so erg oorstrom wanneer dit reën. Toe die riete verwyder is, het die water onbeheersd gevloei en alles weggespoel. (2)

OF

Vleilande skep belangrike habitatte vir diere soos voëls. Toe die riete in die vleiland verwyder is, moes die voëls trek, omdat daar nie meer vir hulle plek was om te bly nie. (2)

4.2 Vleilande tree as natuurlike filtreerders op deur oplosbare en onoplosbare stowwe uit die water te haal. Toe die vleiland verwyder is, het al die vullis in die water verder afgespoel en die kwaliteit van die water stroomaf is nou baie swak. (2)

4.3 Diarree, cholera, ensovoorts. (1)

Vraag 5 [6]

5.1 Tydens fotosintese gebruik plante sonligenergie, koolstofdiksied uit die lug en water om glukosesuiker te maak. Plante verander dan sommige van die glukosesuiker na stysel en stoor dit in hulle blare, wortels, blomme en vrugte. (5)

5.2 Fotosintese. (1)

Vraag 6 [4]

6.1 Ontbinders. (1)

6.2 Daar is water vir die rivierhaas om te drink, riete vir skuiling en groen plante vir die haas om te eet. (3)

Vraag 7 [1]

7.1 'n Mengsel bestaan uit ten minste twee verskillende stowwe wat vermeng is. (1)

Vraag 8 [5]

8.1 Sout kan uit 'n oplossing van sout in water herwin word deur die proses van kristallisatie. Wanneer die oplossing verhit word, verdamp die water en die droë sout bly agter. (3)

8.2 'n Oplossing is versadig wanneer daar nie meer van die opgeloste stof in die spesifieke hoeveelheid van die oplosmiddel kan oplos nie. (2)

Vraag 9 [3]

9.1 Sy kan die water warm maak.

Sy kan dit roer.

Sy kan fyn sout gebruik en nie growwe sout nie. (3)

Vraag 10 [5]

10.1 Pekel/sout/droog

10.2 Gis

10.3 Kook

10.4 Droog (4)

10.5 Voedingstowwe kan verlore gaan. (1)

Vraag 11 [7]

11.1 Uitsakking

11.2 Kook

11.3 Byvoeging van chemikalieë/watersuiweringstablette. (3)

11.4 Dit maak kieme in die water dood. (1)

11.5 Om te drink (ons liggame bevat baie water).

Plante en diere benodig skoon water om te kan groei en aan ons voedsel te verskaf.

Vir watersporte. (3)

50 punte